

VERSLAG VAN DIE AFVAARDIGING NA JORDANIË EN PALESTINA/ISRAEL AAN DIE ALGEMENE SINODE MODERAMEN – OKTOBER 2026

1. Inleidend

Die afvaardiging van die NG Kerk wat van 19 tot 24 Oktober 2026 Jordanië, Israel, Jerusalem en die Wesoewer besoek het, doen hiermee verslag aan die Algemene Sinode Moderamen. Die Algemene Sinode het reeds in 2023 oor die konflik uitspraak gelewer, kort ná 7 Oktober, en hierdie verslag wil die verklaring aanvul. Ons het met kerkleiers, rabbi's, navorsers, burgerlike organisasies en 'n Amerikaanse militêre skakelbeampste gepraat. In Jordanië het ons met Prins El Hassan bin Talal ontmoet.

Ons het bewustelik 'n holistiese eerder as 'n sogenaamd gebalanseerde benadering gevolg, want waar daar 'n diep wanbalans van mag, grond en regte is, kan die voorstelling van twee gelyke kante onreg verdoesel. Ons vertrekpunt is verder dat elke mens na die beeld van God geskape is. Ons kan dus deernis hê met die vrees en trauma van Israeli's en terselfdertyd die doodmaak van burgerlikes en die vernedering van Palestyne veroordeel.

2. Oorsig van die situasie

2.1 Die politieke landskap

Die Gasastrook is sedert die 2007 verkiesing onder Hamas-beheer en is in die oorlog grootliks verwoes. Die Wesoewer is ingevolge die Oslo-ooreenkomste van 1995 verdeel in Gebied A (sowat 18% van die grondgebied, meestal stedelik, onder Palestynse beheer), Gebied B (sowat 22% van die grondgebied, Palestynse administrasie en Israeliese sekuriteit) en Gebied C (sowat 60% van die grondgebied, volle Israeliese beheer), tussen die nedersettings. Oos-Jerusalem is in 1967 deur Israel ingeneem en later geannekseer, 'n stap wat die meeste lande nie erken nie. 'n Permittelsel bepaal wie waar mag daar woon en beweeg; selfs die Lutherse biskop van Jerusalem mag nie in die stad oornag nie omdat hy 'n Palestyn is.

2.2 Historiese aanloop

Hoe het die komplekse situasie ontstaan? Ná die Bar Kochba-opstand (132–135 n.C.) teen die Romeine is Jode uit Jerusalem verban. Die land was daarna onder Bisantynse, Moslem-, Kruisvaarder- en vanaf 1516 Ottomaanse heerskappy, en teen 1880 was Jode slegs sowat 5% van die bevolking. Britse evangeliese verwagtinge het die Balfour-verklaring van 1917 help vorm, maar die Britse Mandaat moes 'n Joodse nasionale tuiste bevorder sonder om die regte van die ander gemeenskappe te benadeel, 'n dubbele belofte wat nie deur Groot-Brittanje

nagekom kon word nie. Die jaar 1948 is vir Israel hulle onafhanklikheidswording as Joodse staat ná die verskrikking van die uitwissing van ses miljoen Jode deur die Nazi's. Vir Palestyne is dit egter die Nakba (katastrofe), toe sowat 700 000 Arabiere gevlug het of verdryf is nadat die Arabiese inval van Israel misluk het, terwyl honderdduisende Jode uit Arabiese lande weer na Israel gevlug het. In 1967 het Israel na die ses-dae-oorlog die Wesoewer, Gasa en Oos-Jerusalem beset. Die naaste wat daarna aan 'n politieke skikking gekom is, was die Oslo-proses (1993–1995) wat binne vyf jaar tot 'n finale ooreenkoms moes lei. Dit het egter nie gebeur nie en het intussen vasgeval.

Hierdie geskiedenis leef voort in twee diep traumas. By Yad Vashem is die Shoah, wat die eeue lange anti-Semitisme en die vernietiging van Joodse lewe op 'n aangrypende manier voorgehou. In Palestynse gesprekke het die Nakba, die verlies van grond en hul voortgaande ontworteling weer telkens na vore gekom. Albei geskiedenisse moet ernstig gehoor word, maar die erkenning van een gemeenskap se trauma verhef nie sy huidige optrede bo beoordeling nie, en vra ontvanklikheid vir die ander se lyding.

2.3 Sionisme en Islamitiese fanatisme

Wat as 'n botsing tussen twee nasionalismes begin het, het ná die mislukking van die Oslo-proses al hoe meer 'n godsdienstige konflik geword, waarin dit nie net oor veiligheid gaan nie, maar oor die heiligheid van die land. Aan Israeliese kant bepaal godsdienstige nasionaliste toenemend die narratief; aan Palestynse kant beskou Hamas Moslemgrond as onvervreembaar, en sommige ekstreme strominge streef selfs 'n kalifaat na. Fanatici aan albei kante het belang by voortgesette konflik, terwyl die matiges die land verlaat. Tog is Palestynse identiteit nie net godsdienstig nie. By die *Educational Bookshop* in Jerusalem het 'n Moslem-boekhandelaar homself eerstens as Arabier, dan as Palestyn en eers daarna as Moslem beskryf, en gedeelde kultuur as grondslag vir verbondenheid beklemtoon. Sy ervaring van arrestasie en van verblyfreg sonder burgerskap het ook die beperkings op uitdrukkingsvryheid duidelik gemaak.

3. Die huidige krisis

3.1 Sedert 7 Oktober 2023

Hamas se aanval op 7 Oktober 2023 het sowat 1 200 mense, meestal burgerlikes, gedood, en 251 is as gyselaars weggevoer. Dit moet sonder voorbehoud veroordeel word. Die oorlog in Gasa het volgens die plaaslike gesondheidsowerhede meer as 75 000 Palestyne se lewens gekos en die meeste geboue beskadig of vernietig. Die konflik kan verskillend beskryf word, maar die realiteit is dat duisende onskuldige mense hulle lewens verloor het. Die skietstilstand van Oktober 2025 en die Raad van Vrede het die grootskaalse gevegte gestuit, maar die heropbou is teen Oktober 2026 steeds vertraag. 'n

Verdere tragiese gevolg van die geweldpleging sedert Oktober is dat 'n nuwe geslag getraumatiseerde jongmense geskep is wat moeilik 'n gesamentlike weg sal vind.

3.2 Grondbesetting deur setlaars

Die reeds gespanne situasie in Israel-Palestina word tans drasties vererger deur grondbesettings deur Israeliese setlaars in die Wesoewer. In Taybeh, die Bybelse Efraim, is beskryf hoe grondbesetting in fases plaasvind: Bedoeïene word eers verjaag, vee word in Palestynse landerye ingejaag om dit te vernietig, lande en olyfboorde word aan die brand gestee, en uiteindelik word iemand doelbewus aangeval en selfs doodgemaak om vrees te saai. Dan raak die weermag betrokke en word die land deur bendes Joodse jongelinge beset. Die VN het in die eerste helfte van 2026 meer as 1 330 setlaaraanvalle aangeteken. Dié gewelddadige kern is relatief klein, maar word stilswyend ondersteun deur 'n breër Israeliese bevolking wat Joodse nedersettings steun, al keur hulle die geweldpleging af. Buiteposte wat selfs volgens Israeliese reg onwettig is, word dikwels later gewettig. Die Amerikaanse ambassadeur in Israel het die aanvalle as terreur veroordeel. Grond gaan hier oor meer as eiendom: dit gaan oor lewensonderhoud, verbondenheid en die moontlikheid om te bly. Probleme met grondregistrasie, toegang tot landerye en skade aan ooste bedreig verder Palestynse gemeenskappe se voortbestaan.

3.3 Grense, kontrolepunte en hulpbronne

Die Wesoewer word deur honderde kontrolepunte, hekke en versperrings opgekerf, en hekke word dikwels sonder kennisgewing gesluit. Dit maak dit bykans onmoontlik om tussen Palestynse nedersettings te beweeg. Permitte en wisselende toegang raak onderwys, gesinslewe, kerklike bediening en toegang tot gesondheidsdienste. Hulpbronne, soos water, word ook nie gelykmatig verdeel nie. Die ongelykheid is oral sigbaar op die dakke: Palestynse huise het watertenks omdat water nie deurlopend vloei nie, terwyl nedersettings oorkant die vallei daaglik water uit die kraan kry. Daar is inderdaad 'n werklike veiligheidsbedreiging (so het daar het Islamitiese selfmoordaanvalle en mesaanvalle aanleiding gegee tot die sekuriteitmure en hekke), maar veiligheidsmaatreëls moet ook beoordeel word volgens hul gevolge vir die mense wat daaglik daarmee moet saamleef, en die veiligheidsargument word ook misbruik (hekke word soms lukraak gesluit). Die afvaardiging is self by 'n hek gestop en eers deurgelaat nadat vasgestel is dat ons nie Jode is nie en die Amerikaanse ambassade ingegryp het.

4. Israel in die Midde-Ooste tans

Ná 7 Oktober is Israel deur Iran en sy bondgenote op verskeie fronte aangeval. Israel het egter hard teruggeslaan. Hizbollah in Libanon is verswak, die Assad-

bewind in Sirië het geval, en in Februarie 2026 het 'n oorlog saam met die VSA teen Iran begin. Israel is nou militêr dominant, maar diplomatie meer geïsoleerd. Die Abraham-akkoorde het wel verhoudinge met verskeie Arabiese state genormaliseer, maar normalisering is nie 'n regverdige oplossing vir die Palestyne nie. Jordanië, met 'n vredesverdrag met Israel sedert 1994, toon saam met Egipte dat naasbestaan sonder godsdienstige eenvormigheid moontlik is.

Die tweestaatoplossing bly grootliks die internasionale verwysingspunt, maar word deur die werklikheid op die grond ondermyn. Wat sake verder bemoeilik, is dat die Palestynse leierskap tans besonder swak en ongewild is. In Israel is verder van die mees ekstreme Joodse partye vir die eerste keer in die regering verteenwoordig ten einde 'n koalisieregering tot stand te bring. 'n Volhoubare bedeling moet veiligheid, vryheid, gelyke menswaardigheid en aanspreeklikheid verseker. Nie een van ons gespreksgenote is hoopvol oor die moontlikhede nie.

5. Christene in die Midde-Ooste

Die nood van Christene strek oor die hele Midde-Ooste en moet nie net in die lig van die Palestynse saak gesien word nie. In Jordanië leef Christene en Moslems in relatiewe harmonie. Dit beteken egter nie dat geweldpleging nie voorkom nie. Tydens ons besoek is sewe Christene in 'n kerk in Jordanië vermoor. Palestynse Christene behoort tot een van die oudste Christelike gemeenskappe ter wêreld, maar hul aandeel in die Palestynse bevolking het tot sowat 2% gedaal, en in Gasa is daar waarskynlik nog net 'n paar honderd oor. Hulle word nie soseer vervolgd omdat hulle Christene is nie, maar deel in die lot van alle Palestyne: verlies aan grond, beperkte beweging en ekonomiese uitsigloosheid. Gesinne vertrek na ander lande nie uit luukse nie, maar omdat hulle geen toekoms vir hul kinders sien nie, en hul vrees is dat die Heilige Land 'n museum sonder lewende Christene sal word. Daarby kom weliswaar druk van Islamitiese strominge. Tog is die plaaslike kerke nie net slagoffers nie, maar aktiewe deelnemers aan die samelewing: hulle bedryf skole, skep werk, bied mediese en maatskaplike hulp en bemagtig vroue, alles onder groot druk. Wat die Palestynse Christene die diepste seermaak, is dat die wêreldkerk hulle dikwels vergeet. Hulle beroep op ons is dat solidariteit sigbaar en prakties moet word.

6. Hoopvolle inisiatiewe

Te midde van die hopeloosheid het die afvaardiging wel tekens van hoop gesien. Op die familieplaas *Tent of Nations*, in Gebied C, het 'n Christengesin gekies vir kreatiewe weerstand. Omdat hulle nie bo die grond mag bou nie, restoureer hulle grotte. Vir hulle is die bewerking van die grond tegelyk lewensonderhoud, rentmeesterskap en 'n volgehoue bevestiging van hul aanspraak daarop. Hulle leef volgens die beginsel dat hulle weier om slagoffers te wees, weier om te haat en weier om vyande te wees, maar bly hoop op geregtigheid. In Bethlehem werk

die vrouebeweging *Still We Rise* met getraumatiseerde meisies, onder wie meisies wat in Israeliese tronke was, en skep vir hulle 'n veilige ruimte. Oral het ons mense ontmoet wat aanhou onderrig, boer, kuns skep en stories vertel. Hoop neem hier die gestalte aan van volgehoue optrede, en dit daag 'n prediking uit wat mense net met 'n beter geestelike toekoms gerusstel terwyl hul huidige nood onaangeraak bly.

Rabbi's het vertel van die gesamentlike lees van die Skrif deur Jode, Christene en Moslems, en van 'n Abrahamitiese visie met plek vir al Abraham se nasate. Samewerking oor water en energie met buurlande kan vrede verder ondersteun, mits dit nie regte en selfbeskikking vervang nie.

7. Wat is teologies ter sprake?

7.1 Bybelse Israel en die moderne staat

Die dieper dwaling is teologies: Bybelse Israel en die moderne staat Israel is nie dieselfde nie. Moderne Israel is 'n sekulêre staat met geen amptelike godsdienst nie en bestaan uit meer as 2 miljoen Moslems naas Jode, en het 'n eerste minister en nie 'n nasaat as koning uit die huis van Dawid nie. Sommige Christene sien egter die staat as vervulling van die profesie van 'n terugkeer na die Heilige land, ander huldig 'n vervangingsteologie (die Jode moet die plek van die Palestyne in die land neem), en nog ander verstaan die beloftes van die Ou Testament as nou in Christus op die hele wêreld van toepassing. In Christus is daar vir hulle ook nie Jood of Griek nie, en die skeidsmuur van vyandskap is afgebreek (Gal 3:28; Ef 2:14). Christen-Sionisme, wat die Skrif gebruik om eensydige politieke aansprake te regverdig en die lyding van 'n ander volk te verbloem, is 'n korrupsie van die Christelike geloof. Ons het ook verskille binne elke geloofsgemeenskap gehoor, ook onder Joodse gespreksgenote oor land, verbond en saamleef. Die toets bly of Skrifuitleg mense se lewe en waardigheid dien, of uitsluiting, oorheersing en geweld help regverdig.

7.2 Die kerk en anti-Semitisme

Die kerk het egter 'n lang geskiedenis van anti-Semitisme. Die Konsilie van Nicea in 325 het Paasfees van die Joodse Pasga losgemaak, die eerste formele skeiding tussen kerk en sinagoge. Daarna volg die beskuldiging van bloedlaster (die Jode dra die vloek vir die bloed van Jesus op hulle), uitsettings in Europa en Luther se geskifte teen die Jode. Die vervolging en uitwissing van miljoene Jode het deur die geskiedenis dikwels die sanksie van die kerk gehad. Ons moet daarom elke vorm van anti-Semitisme verwerp. Die gevaar dat kritiek op Israel 'n suiwer anti-Semitiese motivering kan hê eerder as 'n opregte soeke na 'n geregtigheid moet ernstig geneem word. Alle kritiek op Israel, soos bv. deur die Ou-Testamentiese profete, is egter nie outomaties anti-Semities nie. Geloof dien vrede wanneer dit menswaardigheid en gasvryheid versterk.

7.3 Godsdienst as deel van die oplossing

Omdat die konflik godsdienstig gelaai is, sal vrede in die konflik ook 'n vrede tussen die kinders van Abraham moet bewerk. Daar kan nie opgegee word op die moontlikheid nie. Die Ou Testament vertel immers dat Isak en Ismael saam hul vader begrawe het (Gen 25:9).

8. Kernsake

8.1 Volksmoord

Suid-Afrika se saak teen Israel by die Internasionale Geregshof is steeds hangend. Die verloop van die saak sal 'n respons van die NG Kerk verlang. In die verband is dit nie die NG Kerk se taak om te bepaal wat die internasionale reg as volksmoord omskryf nie, en ook nie om te oordeel of 'n uitspraak van 'n internasionale hof of liggaam regverdig is nie. Daar is geen rede om te dink dat ons beter weet as die internasionale instellings wat juis vir hierdie taak in die lewe geroep is nie. Daarom moet die kerk die regsproses respekteer en die regsbenoeming aan die bevoegde instellings oorlaat. Die uitsprake wat gelewer is en nog gaan volg, sal moontlik uiteenlopend van aard en gewig wees. Dit sluit bindende hofbevele, adviserende menings, verslae van VN-kommissies en standpunte van menseregte-organisasies in, en hulle word in die kerk en in die samelewing verskillend ontvang. Die kerk sal dus moet besin oor hoe om met hierdie verskillende uitsprake om te gaan: met nederigheid, met erns vir die internasionale reg, en met pastorale sorg vir lidmate wat oor die saak verskil.

8.2 Die trilemma: land, Joodse identiteit en demokrasie

Israel kan hoogstens twee van drie dinge gelyktydig hê: die hele land, 'n Joodse meerderheid en 'n volle demokrasie. Ná 7 Oktober is minder Israeli's bereid om grond prys te gee, wat die spanning in die toekoms net verder verskerp.

8.3 Apartheid

Op die Wesoewer woon twee bevolkings in dieselfde gebied onder twee regstelsels, met ongelyke toegang tot grond, water, paaie en beweging. Sommige menseregte-organisasies gebruik die term "apartheid", wat Israel verwerp, vir die toedrag van sake. As Suid-Afrikaanse kerk ken ons die verontmensliking van gestruktureerde onderdrukking. Dit is 'n sensitiewe saak of die NGK ander van apartheid kan beskuldig. Veral as die toedrag van sake as "erger as apartheid" beskou word. Dit kan maklik in ons land beleef word as dat die geweldige negatiewe impak van apartheid daardeur ontken word. Juis daarom moet ons versigtig wees met slagspreuke en eerder die konkrete werklikheid eerlik benoem. Dieselfde erns moet ook ons beoordeling van geweld, rassisme en uitsluiting in Suid-Afrika self bepaal.

9. 10. Tot slot

Ons het mense ontmoet wat ondanks alles weier om vyande te wees. Die welsyn van Israel en dié van die Palestyne is onlosmaaklik met mekaar verweef. Die een se veiligheid kan nie op die ander se vernedering gebou word nie, en vrede wat net vir een groep bedoel is, is uiteindelik vir niemand vrede nie. Niemöller se waarskuwing teen stilswye as ander vervolgt word, wat ons by Yad Vashem gesien het, herinner ons daaraan dat ons geloofwaardigheid vra dat ons almal se menswaardigheid verdedig, ook wanneer die bedreigde mense buite ons eie nabye gemeenskap staan. Ons bid vir die vrede van Jerusalem, en vir almal wat daar woon.

Marius Nel, Elmarie Dercksen, Christo Benade, Anton Mieny
24 Oktober 2026